e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

15 Maart 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 7

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Klaar gestudeer, wat nou?

Opgewonde, verlig. Net 'n paar woorde om die gevoel te beskryf wat ek ná die voltooiing van my graad beleef het. Ek het aan die einde van 2011 BA (Tale – Joernalistiek) aan die Universiteit van Pretoria voltooi.

Ek was gereed om die arbeidsmark te betree, maar dinge het nie verloop soos ek gehoop het nie. Ek het menige CV uitgestuur, en van die instansies wat wel geantwoord het, het ek 'n groot *nee dankie* gekry. Sommige se rede was swart bemagtiging, en ander het ervaring vereis. Waar moet 'n mens ervaring opdoen as niemand jou 'n kans wil gun nie?

Natuurlik het ek begin moedeloos raak, en ek het 'n nare ooreenkoms gesien met my *job hunt* van 2008. Ek het toe pas matriek geslaag met ses onderskeidings maar was nog nie seker oor my plek in die wêreld nie. Ek het vir alles aansoek gedoen, by van 'n fietswinkel tot 'n hardewarewinkel. Nêrens was daar werk vir my nie. Ek is met dieselfde antwoorde as nou in die gesig gestaar. 'n Donker, moedelose gevoel val soos 'n kombers oor my. Hoe is dit moontlik? Ek het mos nou opleiding, ek het 'n graad waarvoor ek baie hard gewerk het en 'n studielening so groot soos 'n berg wat terugbetaal moet word.

Maar ek is nie alleen onder hierdie swaar kombers van hooploosheid en desperaatheid nie. Statistiek SA berig dat 23,9 persent van Suid-Afrika se bevolking gedurende die vierde kwartaal van 2011 werkloos was. My gevolgtrekking is dat Suid-Afrika 'n inherente probleem met werkskepping en werk oor die algemeen het.

Die saak ter sprake gaan oor jong opgeleide volwassenes wat nie werk kry na hul studies en/of opleiding nie. Wat al die redes vir hierdie angswekkende probleem is, kan ek nie sê nie. Nie omdat ek nie wil nie, maar omdat ek nie weet nie. Ek is seker dat professors in die veld en staatsamptenare wat opgelei is om hierdie probleem te ondersoek en met oplossings vorendag te kom, sélf kopkrap daaroor.

Ek vra myself nou 'n paar vrae. Hoekom het ek gaan studeer en my hart en siel in my studies ingesit? Hoekom het ek die magdom studieskuld gemaak? Hoekom het ek drie jaar van my lewe toegewy aan iets wat op die ou einde 'n doodloopstraat blyk te wees? Gaan ek werk kry? Gaan ek my skuld kan terugbetaal? Gaan ek eendag onafhanklik kan wees en vir myself kan sorg?

Die vrae maal in my kop en die frustrasie rys soos die kombers al stywer om en oor my gedraai word. Maar toe onthou ek 'n belangrike sin: *God voorsien*. Die kombers raak los en my kop kom uit, ek kan weer asemhaal. Dit is omdat ek weet dat God my op hierdie paadjie gestuur het, en ek weet Hy het 'n plan vir my lewe en beroep. God sal my lei na waar ek moet wees, Hy sal die deure op my pad vir my oopmaak, en ek sal met sy hulp iewers sukses behaal. Natuurlik moet ek my deel doen om die arbeidsmark te betree, te werk, onafhanklik te wees, en sukses te behaal. Dit is egter nie in my hande alleen nie, God speel 'n baie groot rol daarin. Prediker 2: 24-25 sê: *Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?*

Roux van der Merwe, Gemeente Makarios

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Daan van Wyk (jr)

Beroep bedank

- **Dr Daan van Wyk (jr)** van Wolmaransstad na Ventersdorp

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Ds Japie Coetzee

- **Ds Jaco Vogel** van Gemeente Rooihuiskraal **se vader** is in die vroeë oggendure (01:00) van 14 Maart na ’n lang siekbed oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Jaco, Quenunca en die res van die familie.

- **Ds Japie Coetzee** van Gemeente Kempton Park-Oos is onlangs met kanker gediagnoseer. Ons bid hom spoedige beterskap toe, en dink aan hom en Yvonne in hierdie tyd.

- **Mev Beatrix Kruger** (74), vrou van emerituspredikant ds Peet Kruger, sterk aan na ’n operasie. Die behandeling volg op ’n onsuksesvolle heupvervanging verlede jaar. Die egpaar sal later terugkeer na Sasolburg. Ons bid haar algehele herstel toe.

Ds Herman Gothan en Karin Human

- **Ds Herman Gothan en Karin Human** is verlede Saterdag, 10 Maart, in die huwelik bevestig. Baie geluk aan die egpaar!

- **Ds Joseph en Rosa-Marié Steÿn** van Upington/Postmasburg se eersteling, Christina Maria, is Maandag 12 Maart gebore. Baie geluk!

- **Ds Marius en Colette Kramer** word op Sondag 18 Maart deur Marius se vader, ds Jan Kramer van Elsburg, in Gemeente Kampersrus bevestig. Hy is reeds werksaam in die gemeente, en Colette het op 13 Maart by hom aangesluit.

Ds Roelf Coertze

Ds Willem Kok

- Tydens die direksie van die **Kinderhuise** se vergadering op 7 Maart is **ds Willem Kok** van Gemeente Potchefstroom as voorsitter van die direksie verkies. Ds Kok volg ds Roelf Coertze op, wat sedert Februarie 1999 as voorsitter gedien het. Die direksie wil sy dank uitspreek teenoor ds Coertze vir sy jare lange betrokkenheid by die diens van barmhartigheid. Die direksie wens ds Kok baie sterkte toe met die taak wat voorlê.

- **Ds Willem Kok** is intussen ook verkies tot voorsitter van die **Sekunduskommissie** en benoem as lid van die **Kuratorium**.

Dr Malan Storm

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het op Vrydag 9 Maart tydens ’n ete formeel **afskeid** geneem van **dr Malan Storm**, voormalige skriba van die Kommissie. Dr Storm was van 1992 tot 1993 viseskriba van die Kommissie, en het daarna van 1993 tot 2001 en van 2007 tot 2011 as skriba van die Kommissie gedien. Dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die Kommissie, het dr Storm bedank vir sy bydrae tot die Kerk en die werk van die Kommissie oor die jare, en waardering uitgespreek vir sy eerlikheid en integriteit.

- Die Kommissie van die AKV het by hul vergadering van 8-9 Maart 2012 met dank kennis geneem van die **goeie vordering** wat tussen die **Bemiddelingskomitee**

en die steedsHervormers gemaak is. Die Kommissie het versoek dat ’n finale reglement vir ’n moontlike Vereniging van steedsHervormers teen **30 Maart 2012** aan die Kommissie voorgelê word, waarna alle betrekkinge in die Kerk genormaliseer moet word.

In die lig van die **dagvaarding** teen die Kerk en die talle voortgaande dreigemente van regsaksies teen die Kerk en lidmate van die Kerk, het die Kommissie dit aan die Bemiddelingskomitee opgedra om te verseker dat die komitee van die steedsHervormers **voor of op 15 Maart 2012** skriftelik bevestig dat al hierdie regsaksies en handelinge wat daarmee verband hou, teruggetrek is en dat alle sodanige optrede beëindig word.

4 nuwe proponente

- Die **finalejaar teologiestudente van 2011** is op Donderdagaand 8 Maart in die kerkgebou van Gemeente Pretoria **toegelaat tot die evangeliebediening**. Hulle is nou beroepafwagtend. Die studente is (op die foto van links na regs) Steve Oxton, Annalize Rossouw, Suzelle Lange en Rue Hopley. Akademiese pryse is toegeken aan twee van die studente. **Steve Oxton** het die Greyvenstein-prys vir beste prestasie in Nuwe-Testamentiese Wetenskap ontvang, asook die AD Pont-prys vir Kerkgeskiedenis, die HP Wolmarans-prys vir Godsdiens- en Sendingwetenskap, die Kuratorium-prys vir beste skripsie, en die WP Brouwer-prys vir beste prestasie oor die hele terrein van teologiestudie. **Rue Hopley** het die PJ Muller-prys ontvang in Dogmatiek en Christelike Etiek, die JI de Wet-prys in Praktiese Teologie, en die B Gemser-prys vir Ou-Testamentiese Wetenskap.

- Die **tweede preekskets**, deur **dr Stephan Hoffman**, is op **Donderdag 15 Maart** aan predikante gestuur. Die preeksketse is ’n hulpmiddel vir predikante, en nie ’n volledig uitgewerkte preek nie. Predikante en gemeentes kan dit byvoorbeeld moontlik gebruik in gesprekke met eredienswerkgroepe, ouderlingevergaderings of Bybelstudiegroepe. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en ’n paar vrae oor die betrokke teksgedeelte wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Enigeen wat beskik oor foto’s en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, wat in ’n feesbundel opgeneem kan word, kan ds Werner Olivier kontak by 082 412 7144, 017 683 0067 of **werner.olivier69@gmail.com**.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor ’n vakature vir ’n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Bergsig: Paassangdiens**
  Sondag 25 Maart om 18:00
  Sanger Jan de Wet tree op tydens erediens
  Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170
  of **bergsignhk@gmail.com**

- **Gemeente Secunda: Dankdiens en Nagmaal**
  Sondag 15 April
  Na inwyding van saal en jeugkompleks (sien basaarinligting bladsy 5)
  Skakel 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) vir meer inligting

- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
  Sondag 22 April om 09:00
  Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
  Erediens en ete daarna
  Alle oudlidmate welkom
  Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Di-Do 08:00-16:00) as u gaan bywoon

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
  - Vrydag 16 Maart: Di Gerrie Botha (Viljoenskroon) en Arie Kuyper (Villieria)
  - Saterdag 17 Maart: Dr Daan van Wyk sr (emeritus)
  - Sondag 18 Maart: Di Pieter Furstenberg (Richardsbaai), Robby Pienaar (Ogies) en Piet (PS) van Staden (emeritus)
  - Dinsdag 20 Maart: Di Hannelie Botha (beroepafwagtend), André Harmzen (buiteland) en Lou Swanepoel (emeritus)
  - Woensdag 21 Maart: Di Heinrich Botha (Evander) en Paul Jooste (emeritus)
  - Vrydag 23 Maart: Ds Bernie Sneygans (Hartebeestpoort)

Beplande vergaderings

- Vrydag 16 Maart: Finkom van die Ondersteuningsraad
  RDV Noordelike Pretoria
- Sondag 18 Maart: RDV Rustenburg
- Donderdag 22 Maart Redaksie van *Die Hervormer*
  Ons Tuis

Konserte en feeste

- **Saterdag 17 Maart: NHSV Delmas Sprankeloggend**
  09:30 vir 10:00
  Te Hervormde Kerk Delmas, Sarel Celliersstraat
  Toegang: R80 per persoon (ligte ete ingesluit)
  Tema: *Daar's 'n vrou in elke geur*
  Spreker: Mev Gerrie Jordaan
  Interessante uitstallers en items te koop
  Opwindende pryse te wen
  Dansoptrede: Step-up School of Dance
  Fondse vir barmhartigheid
  Kontak Lienie Struwig by 072 192 5563 of Elna Kruger by 083 287 3074

- **Saterdag 14 April: NHSV Losberg in Fochville**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  In die Burgersentrum
  R100 vir volwassenes, R50 vir laerskoolkinders
  Kontak Sannietjie Boshoff by 018 771 2617

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock
  Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
  Toegang R75

Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
Navrae by 082 460 8252

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 21 April: RDV Laeveld: Gholfdag**
  In die mooi omgewing van Tzaneen
  Skakel Hendrik van Schalkwyk by 082 443 3864

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Geborg deur FNB Tzaneen,
  AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
  VW Lannie Motors Tzaneen,
  en skenkings van lidmate en weldoeners
  Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

Basaars en markte

- **Saterdag 24 Maart 08:00 tot 13:00**: **Gemeente Theresapark Minibasaar**
  Kerkterrein te Springboklaan, Theresapark
  Veiling met ware winskopies – kom vroeg!
  Heerlike eetgoed (pap-en-kaiings, afval, gebak, pannekoek, ens)
  Vermaak vir die kinders
  Navrae aan 012 542 3568 / 012 542 1321 / 073 099 3699

- **Saterdag 31 Maart: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville Boeremark**
  Op kerkterrein
  Stalletjies te huur teen R100 en R150 met krag
  Markte ook op 5 Mei, 30 Junie, 4 Augustus,
  8 September, 29 September en 1 Desember
  Besonderhede en bespreking by kerkkantoor (018 771 2617)

- **Saterdag 7 April: Gemeente Naboomspruit: Basaar**
  Gewilde vleisstalletjie, witolifanttafel, veiling
  Met kunstenaars Chris le Roux en Jeanette
  Navrae aan Lena by 014 743 1325

- **Saterdag 14 April vanaf 09:00: Gemeente Secunda**
  Ingebruikneming van saal en jeugkompleks
  Lintknipseremonie en minibasaar
  Oudlidmate en belangstellendes welkom
  Vanaf 16:00 osbraai
  Verwittig sekretaresse by 017 631 2796 (Ma-Do 09:00-13:00) as u gaan bywoon

- **Woensdag 18, Donderdag 19 en Vrydag 20 April: Gemeente Vryburg**
  Gemeente beman 'n skoustalletjie
  Benodig 120 sakkies aartappels en 40 sakkies uie
  Is daar 'n groenteboer wat kan help?

Asseblief teen ’n goeie prys of dalk as skenking
Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 of 053 927 1379
of **jpcvdw@lantic.net**

- **Saterdag 21 April: Gemeente Koster: Minibasaar**
  07:30 tot 14:00 op kerkterrein
  Vermaak vir groot en klein
  Plaasontbyt, teetuin, vleis, tuisgebak, ens
  Navrae aan **elmie@bafokeng.com**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
  3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
  Wildplaas in Hartswater-omgewing
  Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
  Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
  Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

ANDER NUUS

- Die personeel van die **Ondersteuningsraad** het op 13 Maart **Nasionale Maatskaplike Werkersdag** gevier deur met interessante hoede te gaan werk. Dit was gekoppel aan ’n kompetisie waarin die personeellid met die oorspronklikste hoed asook die kantoor met die meeste gees ’n klein prys kon wen. Opregte dank aan die NHSV hoofbestuur wat die personeel van die Ondersteuningsraad se hoofkantoor met ’n geskenkpakkie van heerlike sjokolade bederf het! Dit het vir groot opwinding gesorg. Dit is altyd verblydend as *versorgers* ook die geleentheid kry om *versorg* te word... Vanderbijlpark-kantoor se tema vir die dag was *Hoop*, en hulle het die volgende gedagte ingestuur:

  “In die Lydenstyd besef ons weer eens dat ons met Jesus se kruisiging HOOP ontvang het.
  - Dit is ons doel en missie om HOOP te gee vir elke gebroke mens wat op ons pad kom, en ons HOOP ons maak ’n verskil.
  - HOOP is ons dryfveer om ons passie vir maatskaplike werk uit te leef.
  - Omdat ons van Jesus hierdie HOOP ontvang het, weet ons daar is HOOP vir die Ondersteuningsraad.
  - Ons HOOP ook altyd op ’n dag sonder *krisisse* en dat ons werk eendag op datum sal wees.”

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp
  - Potchefstroom
  - Vanderbijlpark.

  By die Pretoria- en Lydenburg-kantoor is poste vir Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werkers wat oor ’n geldige rybewys beskik.

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek kon nie die Inligtingsdag bywoon nie. Nou neem ek in die *e-Hervormer* kennis dat preeksketse aan predikante deurgestuur gaan word. Wie se woord verkondig ons dan in die Hervormde Kerk – God se Woord of riglyne van die Kerk? En as ek dalk nou belaglik klink, hoekom het ek Teologie gestudeer? En boonop glo ek om Sondae met ’n oop gemoed vir die lidmate te sê: *So spreek die Here*. Of moet ek nou sê so spreek dié of daardie riglyn in die Kerk? En ja, ek weet dis my keuse en net ’n riglyn, maar dis bitter onnodig.”

Ds DA van Rooyen, Carletonville

Heerlikheid en hoop

Die April 2012-uitgawe van *Die Hervormer* word volgende week aan gemeentes gepos.

Dr Gafie van Wyk besin oor mense se voorstellings van die hemel. Maar ons kan net dit weet wat God aan ons bekendmaak. Net soos wat Anselmus ons daaraan herinner dat God sonder uitsondering groter is as mense se voorstellings van Hom, so is God se ryk ook heerliker as enige voorstelling wat ons daarvan skep.

Die Administrateur, mnr Elmar Struwig, vra dat nuut gefokus moet word op geldsake in die Kerk – minder op die aspek van geld, en meer op die Gewer van alle goeie gawes, sodat ons al ons gawes tot God se eer en verheerliking sal aanwend.

Lees ook oor die inligtingsgeleentheid van 28 Februarie, die opening van die HTK op 15 Februarie, en die 2011 finalejaar teologiestudente wat nou beroepbaar is. In Gespreksforum is daar 'n subtiele swaai na 'n positiewer perspektief op ons kerkwees.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2012 in te teken en 11 uitgawes teen R100 te ontvang. Besoek **www.hervomer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In navolging van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag:

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT OU-TESTAMENTIESE WETENSKAP

SENIOR LEKTOR/MEDEPROFESSOR/PROFESSOR
(EEN POS) (VERW. 20742)

Hiermee word bekend gemaak dat 'n permanent-voltydse vakature ontstaan het in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die pos moet ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) deur 'n predikant van die Kerk gevul word.

Pligte: Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in (maar is nie beperk nie tot): * Doseerverpligtinge op voorgraadse en nagraadse vlak in die dissipline van Ou-Testamentiese Wetenskap * Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos deur die Fakulteit Teologie neergelê * Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie * Betrokkenheid by die werksaamhede van die Departement.

Minimum vereistes: 'n Doktorsgraad in Ou-Testamentiese Wetenskap.

Die posvlak sal bepaal word na aanleiding van die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding tot 'n bepaalde posvlak:

Senior Lektor: * Bewese belangstelling in Ou-Testamentiese Wetenskap (wat byvoorbeeld blyk uit akademiese en populêr-wetenskaplike publikasies).

Medeprofessor: * Ten minste drie jaar doseerondervinding/ betrokkenheid by 'n tersiêre onderwysinrigting * 'n Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Ou-Testamentiese Wetenskap * Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus * Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op magistervlak.

Professor: * Ten minste vyf jaar doseerondervinding/ betrokkenheid by 'n tersiêre onderwysinrigting * Gepubliseerde navorsing en eweknie-beoordeelde publikasies in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte * Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus * Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op doktorale vlak.

Die jaarlikse vergoedingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se kwalifikasie- en ervaringsvlak wees. UP onderskryf die BESTMED mediese skema en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen op die Universiteit se webwerf: www.up.ac.za met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan: * 'n Omvattende CV * Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies * Die name en kontakbesonderhede (e-pos en telefoonbesonderhede) van drie kontakbare referente * Die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing) * Selfevaluering.

Sluitingsdatum: 30 Maart 2012

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

Navrae: Prof J Buitendag, tel. (012) 420 2322

Indien daar nie teen 31 Mei 2012 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.

SSRA 100507